# HEBREËRS 12:12-17

Tema: **TE LAAT OM BETYDS TE WEES**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

**NOTA: Ten einde die reeks te volg, word u aangeraai om die studie vanaf Deel 1 en die daaropvolgende lesings te bestudeer.**

-o0o-

## SKRIFVERWYSINGS VAN HIERDIE OORDENKING: HEBREËRS 12:12-17

**Heb 12:12 Daarom, rig die slap hande en die verlamde knieë weer op;**

**Heb 12:13 en maak reguit paaie vir julle voete, sodat wat kreupel is, nie uit lit raak nie, maar liewer gesond gemaak word.**

**Heb 12:14 Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie;**

**Heb 12:15 en pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie.**

**Heb 12:16 Laat niemand 'n hoereerder wees nie, of 'n onheilige soos Esau, wat vir één spysgereg sy eersgeboortereg verkoop het.**

**Heb 12:17 Want julle weet dat hy, toe hy ook later die seën wou beërwe, verwerp is, want hy het geen geleentheid vir berou gevind nie, al het hy dit met trane vurig begeer.**

-o0o-

## BEMOEDIGING

Dit is asof die Woord ons bemoedig om nie nou slap te lê nie. Ons moet toelaat dat die Gees van God ons verander. Ons houding teenoor tugtiging moet wees met die hart waarmee ons getugtig word. Die Here wil ons nie seermaak of pynig nie. Die Here wil ons nie straf nie. **Hy het Sy bloed gegee**. Waarom sal Hy ons bloed opeis? Waarom sal Hy 'n welbehae in ons pyniging hê? **Hy het mos die volledige prys vir ons betaal**. Al waarom ons moet toelaat dat daardie takkies gesnoei moet word en dat die tugtiging op ons kom, is om ons in 'n suiwerheid en 'n heiligheid in Hom te kry.

Nou bemoedig Hy ons met hierdie Woord in vers 12
**Heb 12:12 Daarom, rig die slap hande en die verlamde knieë weer op;**

Dit is amper asof Hy sê dat jy, sy kind geval het en dat jy moet op staan. Hy sien jou op die atletiek baan sit en Hy bemoedig jou.......

- Moenie gaan lê nie,
- Moenie struikel nie.
- Die wedloop moet voltooi word.
- Die uiteindelike doel, die loon, wag vir jou anderkant die wenstreep.
- Jy moet deur die wen streep gaan.
- Hou aan (volhard).

-o0o

## HEILIGMAKING

**Heb 12:13 en maak reguit paaie vir julle voete, sodat wat kreupel is, nie uit lit raak nie, maar liewer gesond gemaak word.**

**Heb 12:14 Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie;**

Dit is groot woorde hierdie. Heiligmaking, om heilig te word, is daardie groeiproses in die bloedlyn. Dit is die ontwikkelingsproses. Dit is daardie afstand doen van die vleeslike dinge. Hoe minder vlees, hoe meer Gees. Johannes het gesê dat hy moet minder word sodat Hy meer kan word (Joh 3:30). Dit is wat jy op die altaar plaas, wat gaan maak wat jy aan die einde van die dag gaan wees. Dit is daardie sywurm, daardie louterings-proses.

## VOLHARD

**Heb 12:15 en pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie.**

Hierdie ernstige woord, beteken dat ons in die genade van God kan veragter. Die Here sal jou genadig wees sovêr as wat jy Hom toelaat om jou genadig te wees. Daar kom ook 'n tyd dat die deur van genade sal toegaan. Die Here ken ons swakhede en ons tekortkominge beter as wat ek en jy dit ken.

- Moenie die Here tart nie.
- Moet Hom nie verder druk as wat jy veronderstel is om te gaan nie.
- Moenie kanse waag met die Here nie.
- Luister.

Dit is waarom die Here sê dat jy nie jou hart moet verhard as jy Sy stem vandag hoor nie. Moenie teëstribbel met dit wat die Here vir jou wil gee nie. Dit wat Hy wil gee is altyd iets beters. Moenie in genade veragter nie!

## GENADEDEUR

Onthou, toe Noag die ark gebou het, was daar 'n genade tyd van 120 jaar. Daardie selfde hand wat vir Noag en die diere in die ark in gelei het, het ook die deur gesluit.

- Dit was dieselfde hand, nie 'n ander hand nie.
- Die oomblik toe daardie deur gesluit is, was dit vir altyd te laat.

As ek sien hoe die mense nog steeds maar net hoop en dink dat daar nog tyd sal wees, dan vrees ek die dag wat nader kom. Ek praat nie van die wêreldse mense nie. Ek praat van kinders van God, wat kanse vat met die Here. Hulle sluimer maar nog 'n bietjie, slaap nog 'n bietjie en dink daar is nog tyd vir dit - ek sal nog my volgende miljoen maak.

Mense julle gaan dit mis. Hoe vreeslik is dit om te val in die hande van 'n Lewende God (**Heb 10:31**), as die genadedeur van die Here daardie dag toegaan.

**Heb 12:16 Laat niemand 'n hoereerder wees nie, of 'n onheilige soos Esau, wat vir één spysgereg sy eersgeboortereg verkoop het.**

Hierdie is vir my 'n vreesaanjaende woord, mense. Hy praat spesifiek van hoerery asook van hoerery met die wêreld, van die eenwording met die vlees. Jy kan dit nie doen nie. Dit staan geskrywe. Hierdie moet ek vir julle baie mooi verduidelik.

- Onthou, ons eersgebore reg is Christus Jesus.

-o0o

Dit is die grootste prys wat ooit ontvang kan word. Die grootste loon wat ooit ontvang kan word, is daardie dag wanneer Vader Sy hand op die Bruid en Bruidegom lê en Hy die eenheid wettig proklameer. Die Bruid behoort dan aan die Bruidegom en die Bruidegom behoort aan die Bruid.

- Die grootste loon wat daar ooit kan bestaan is die eersgebore reg.

In die Bybel lees ons die gedeelte van Jakob en Esau, waar Esau sy eersgeboortereg verkoop het vir 'n pot sop. Hoeveel van ons, as mense, verkoop elke dag Christus Jesus vir geld? Hoeveel tyd spandeer ons op selfone en voor die televisie? Daar is mense wat van hulle kinders afgode maak. Ek sien dit plaasvind voor my oë. Mans maak van hulle vrouens afgode en vrouens maak van hulle mans afgode. Hulle maak afgode van hulle beroepe en dan gaan dit net oor die beroep.

## OPOFFERING

Waar is Christus in jou lewe? Is Christus regtig die een, jou eersgebore reg in jou lewe waarna jy streef? Is Hy werklik, soos Kolossense 1 sê, eerste in jou lewe? Sal jy alles in jou lewe op die altaar plaas ter wille van jou liefdesverhouding met Christus Jesus?

So 'n hele tyd terug het die Here een oggend met my gepraat oor die ryk jong man **(Luk 18:18-25).** Gaan plaas jouself bietjie daar in die verhaal van die ryk jong man. Plaas jou naam in die plek van die ryk jong man en sê dat jy een dag na Jesus toe gegaan het en jy het baie skatte gehad.

- Ons almal het baie skatte. Gaan kyk maar wat het jy.

Hy het vir die Here gevra wat moet hy doen. Aan die einde van die dag het Jesus vir hom gesê om alles te verkoop, en dit vir die armes te gee en dan Hom te volg.

Is jy regtig bereid om vandag alles wat jy het te verkoop en dit vir die armes te gee, en dan met Jesus vir die res van jou lewe in geloof te volg? Dit is 'n harde woord. 'n Mens kom dan agter hoeveel daar is, wat regtig bereid is om dit te doen. As jy nie bereid is om dit te doen nie, kan ek vir jou sê, het daardie goed groter geword as Christus in jou lewe. Jy maak dan nie op Hom staat nie, want onthou, ons moet Sy voorbeeld volg.

## DIE GROOT PRYS

Het Hy nie Homself ontklee van al Sy Godheid en alles wat Hy het nie? Die Bybel sê dat Hy dit nie roof geag het nie **(Kol 2:6).** Hoe kan ons dit roof ag? Hy het sy hele Godheid verlaat. Hy het alles in die hemel gelos en Hy het sovêr neergedaal, om die vloek te word. Hy het die vloek geword wat ons moes gewees het. Die Seun van God het die vloek geword. Vanmôre toe ek weer al die verhale gelees het wat die evangelie sê rondom die kruisiging, het ek so bewoë geword **(Lukas 23:26-56).** Gisteraand toe ek en Eleonor stilte tyd het, het ek, met trane, uit die Bybel gelees van die laaste Avondmaal. Dit het my hart geskeur.
**(Die Laaste Avondmaal: Matthéüs 26: 17-30; Markus 14: 12-25; Lukas 22: 7-20; Johannes 13: 1-30).**

Hy het die prys vir jou en my betaal. Watter prys is ek en jy bereid om te betaal vir Hom?

- Is ons regtig bereid om aan ons prys vas te hou?
- Is ons bereid om alles vir Hom te gee,
- of verkoop ons ook elke dag ons hemelse Bruidegom vir 'n pot lensie sop?

Verkoop ons Hom vir die volgende ooreenkoms of vir die volgende vakansie? Hoeveel tyd en koste spandeer ons aan vleeslike dinge, maar as dit kom by die dinge van die Here, word Hy altyd afgeskeep?

Verkoop ons Hom regtig vir 'n pot lensie sop? Die antwoord is soveel keer ja, want die pot lensie sop kan vir ons, vleeslik, meer bied. Wat hy hier sê, is dat die honger en die vleeslike genot meer belangrik vir ons is, as die geestelike dinge.

-o0o

## TE LAAT OM BETYDS TE WEES

Kom ons kyk wat was die uiteinde van Esau gewees. Dit is die hartseerste van alles.

**Heb 12:17 Want julle weet dat hy, toe hy ook later die seën wou beërwe, verwerp is, want hy het geen geleentheid vir berou gevind nie, al het hy dit met trane vurig begeer.**

Esau het later besef dat hy sy eersgebore reg verkoop het, met die transaksie wat hy aangegaan het. Hy het sy eersgebore reg verkoop vir 'n pot lensie sop, vir die vleeslike begeerte en satisfaksie. Toe hy daardie seën wou beërwe, is hy verwerp ***want hy het geen geleentheid vir berou gevind nie, al het hy dit met trane vurig begeer***. Hierdie is 'n verskriklike woord vir my. Ek dink nie ons besef regtig wat in vers 17 geskrywe staan nie.

Die dag as die Seun moet kom en ons die prys moet ontvang, gaan ons Hom ontvang of gaan ons Hom nie ontvang nie?

- As ons voor Christus moet staan en Hy homself aan ons moet aanbied as Bruidegom,
- as die wedloop voleindig is en ons moet ons loon vir die ewigheid ontvang,
- gaan ons hierdie loon ontvang om deel te wees van die Bruidegom, of gaan ons verwerp word?

Gaan ons as vervloektes weggejaag word omdat Hy ons nie ken nie?

Mense kom ons hou op speel met die Here. Kom ons staak om die Here tweede, derde, vierde of miskien tiende in ons lewens te plaas. Hoeveel ure spandeer sakemanne in hulle kantore met transaksies en hoe min tyd spandeer hulle met die Here? Hulle jaag dinge na asof die ewigheid daarvan afhang.

Daar gaan 'n dag kom wanneer kinders van God ***met trane vurig*** gaan begeer om hierdie loon te kan ontvang. Jammer, maar hulle gaan dit nie ontvang nie, want hulle het nooit die geleentheid gehad (geskep) om berou te toon nie. Hierdie is regtig 'n vreesaanjaende woord. Dit is een van die gedeeltes in die Bybel wat my elke keer ruk as ek dit lees. Dit skud my tot in my siel en dan vra ek die Here om ons net nog een keer genadig te wees,

- dat ons nie sal misvat nie en
- dat ons Jesus altyd eerste sal plaas,
- want Hy het ons eerste geplaas

-o0o-

## Skrifaanhalings in hierdie lesing

**Lukas 2:7** en sy het haar eersgebore Seun gebaar en Hom toegedraai in doeke en Hom in die krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie.

**Johannes 3:30** Hy moet meer word, maar ek minder

**Hebreërs 10:31** Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God.

**Kolossense 1:3** Ons dank die God en Vader van onse Here Jesus Christus altyd as ons vir julle bid,
Kol 1:4 omdat ons gehoor het van julle geloof in Christus Jesus en julle liefde tot al die heiliges,

**Filippense 2:5** Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.
Fil 2:6 Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie,
Fil 2:7 maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword;
Fil 2:8 en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood

-o0o

toe, ja, die dood van die kruis.

Fil 2:9  Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom ‘n naam gegee wat bo elke naam is,

**Galásiërs 3:10**  Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.

Gal 3:11  En dat niemand deur die wet by God geregverdig word nie, is duidelik; want die regverdige sal uit die geloof lewe.

Gal 3:12  Maar die wet is nie uit die geloof nie, maar die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe.

Gal 3:13  Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons ‘n vloek te word—want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan ‘n hout hang—

Gal 3:14  sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.

**Die Laaste Avondmaal:  Matthéüs 26: 17-30; Markus 14: 12-25; Lukas 22: 7-20; Johannes 13: 1-30.**

**Jesus se kruisiging:  Lukas 23:26-56**

**Lukas 18:18**  En ‘n sekere owerste vra Hom en sê: Goeie Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?

Luk 18:19  En Jesus antwoord hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie behalwe een, naamlik God.

Luk 18:20  Jy ken die gebooie: Jy mag nie egbreek nie; jy mag nie doodslaan nie; jy mag nie steel nie; jy mag geen valse getuienis gee nie; eer jou vader en jou moeder.

Luk 18:21  En hy sê: Al hierdie dinge het ek onderhou van my jeug af.

Luk 18:22  En toe Jesus dit hoor, antwoord Hy hom: Nog een ding ontbreek jou—verkoop alles wat jy het, en verdeel dit onder die armes, en jy sal ‘n skat in die hemel hê; kom dan hier, volg My.

Luk 18:23  Toe hy dit hoor, het hy diep bedroef geword, want hy was baie ryk.

Luk 18:24  En toe Jesus sien dat hy diep bedroef geword het, sê Hy: Hoe beswaarlik sal hulle wat goed besit, in die koninkryk van God ingaan.

Luk 18:25  Want dit is makliker vir ‘n kameel om deur die oog van ‘n naald te gaan as vir ‘n ryk man om in die koninkryk van God in te gaan.

-o0o